# JUNIOR SECONDARY CERTIFICATE

**AFRIKAANS FIRST LANGUAGE** **1100/4**

PAPER 4 Literature 1 hour 30 minutes

Marks 40 **2018**

Additional Material: Answer Book

**INSTRUCTIONS AND INFORMATION TO CANDIDATES**

- Write your answers in the Answer Book provided.
- Write your Candidate Number and Name in the spaces provided on the Answer Book.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.

- Answer **one** question from Section **A** and **one** question from Section **B**.

- All questions in each section of this paper carry equal marks.

This document consists of **6** printed pages.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

**Instruksies**

- Beantwoord **twee** vrae, **een** uit elke afdeling.
- Begin elke vraag op ’n skoon bladsy.
- Skryf die nommer van die vraag boaan die antwoord.
- Netjiese en duidelike handskrif sal in jou guns tel.

## AFDELING A

Beantwoord **een** vraag uit hierdie afdeling.

**Junior Verseboek – D.J. Opperman**

**1** Lees die volgende gedig aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Bitterbessie dagbreek – Ingrid Jonker**

Bitterbessie dagbreek
bitterbessie son
’n spieël het gebreek
tussen my en hom

Soek ek na die grootpad
om daarlangs te draf
oral draai die paadjies
van sy woorde af

Dennebos herinnering
dennebos vergeet
het ek ook verdwaal
trap ek in my leed

Papegaai-bont eggo
kierang kierang my
totdat ek bedroë
weer die koggel kry

Eggo is geen antwoord
antwoord hy alom
bitterbessie dagbreek
bitterbessie son

*(Uit: Versamelde Werke, Perskor)*

**(a)** Die titel van hierdie gedig het ’n tweeledige betekenis. Verduidelik. [4]

**(b)** Hoekom sou die digter ook na die son verwys as “bitterbessie”? [2]

**(c)** Wat word bedoel met ’n spieël het gebreek tussen my en hom? [2]

**(d)** Watter bygeloof is daar oor ’n gebreekte spieël? [2]

**(e)** Hoekom sou sy net langs die grootpad wou draf? [2]

**(f)** In strofe 3 word daar gesê: trap ek in my leed.

Watter simboliese verwysing het dié beeld? [2]

**(g)** Watter funksie het enjambement in hierdie gedig? [2]

**(h)** Hoekom voel die digter ‘gekierang’? [2]

**(i)** Hoe dra herhaling by tot die stemming van die gedig? [2]

**[20]**

**OF**

**2** Lees die gedig hier onder noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**Icarus - Jan Swanepoel**

Ja, só:
Die vleuels uitgesprei
delikaat geposeer vir die vlug
oor vastelande
        en oseane
                deur wolke
                        en reënboë

manjifiek is dit om te leef in die hart van lig
                                        om te vlieg na die son!

en plonseling
te eindig in die oseaan
'n goeie buurman vir die vis te word
versigtig in die roering
nuut aan dié wêreld repeteer
waar vinne helaas langsaam groei
en hy weer uitswem na die land.

Hy druk sy mense stywer teen hom vas
– vergeet is vleuel en vin –
'n klein vergeefse koestering
vir die wat nie mag vlieg
of vlug.

*(Uit: My Rome Brand so Mooi, Tafelberg)*

**(a)** Wie was Icarus, oor wie die gedig handel? [2]

**(b)** Hoe wou hy ontsnap uit die labirint? [2]

**(c)** Hoe dra die vreemde strofevorm by tot die gedig se boodskap? [2]

**(d)** "Plonseling" is 'n vreemde woord. Wat is die woordspeling wat die digter daarmee wil bereik? [2]

**(e)** In **reëls 10 – 15** word enjambement aangewend. Wat is die funksie daarvan? 2]

**(f)** In **reël 14** staan "aan die wêreld repeteer". Na watter wêreld word hier verwys en hoekom moet hy 'repeteer'? [4]

**(g)** Watter stylfiguur kry ons in "- vergeet is vleuel en vin -"? [2]

**(h)** Gee **twee** aanhalings uit die **laaste strofe** om te bewys hoe die digter oor sy mense voel. [4]

**[20]**

## AFDELING B

Beantwoord **een** vraag uit hierdie afdeling.

### JAPTRAP – J.P. en Ria Smuts

**3** Lees die volgende aangehaalde gedeeltes noukeurig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**BOONTJIEBREDIE – Marietjie Kotzé**

"Neeltjie?"

"Ge-dul-dig, ge-diens-tig, ge-dwee …"

"Neeltjie! Ma prááté mos!"

Maar Boeta se siekte het haar nou al holgevreet. Haar oë sit weggesink.

Hulle kyk verby my.

"Neeltjie," sê hy sommer met die intrap, "waar is jou ma?"

"Weg, oom Douw."

"Weg?"

"Kaap toe. Na Boeta toe, Oom."

Ek sien vir Ma. Uit die verste wa klim sy. Kopdoekpunte onder die ken. Jaspunte om haar bene. Dik grys kouse. Skoene skeef. En die blink emmertjie in die hand. Boontjiebredie vir Boeta, vir Boeta wat klaar dood is.

Ag, dis my ma daai, al lyk sy so, en ek het haar lief, ek het!

"Ma…"

Die trein blaas stoom af. Wit wolke warrel en deur die wit kyk ons na mekaar.

"Neeltjie?"

**(a)** Hoekom is Neeltjie aan die begin van hierdie verhaal ongeduldig en geïrriteerd met haar ma? [2]

**(b)** Hoe dra die opbreek van die woorde in lettergrepe, in die tweede reël, by tot die atmosfeer van die verhaal? [2]

**(c)** Hoekom sou haar ma se oë "verby haar kyk"? [2]

**(d)** Wie is oom Douw en watter boodskap het hy gebring? [2]

**(e)** Waar het Neeltjie vir haar ma gaan wag en hoe het sy daar gekom? [4]

**(f)** Benoem die stylfiguur in "Wit wolke warrel …" [2]

**(g)** Watter verandering het daar in Neeltjie plaasgevind aan die einde van die verhaal?

Motiveer jou antwoord. [4]

**(h)** Hierdie verhaal eindig op 'n ironiese noot. Verduidelik. [2]

**[20]**

**OF**

**4** Lees die volgende uittreksels uit die verhaal noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**LIED OOR NIEMANDSLAND – Jan Rabie**

“Die dag van Evert se terugkeer het sy ou moeder na die stasie gegaan om te huil en haar seun huis toe te lei. Toe sy hom vertel wat met die dorp gebeur het, het Evert wit om sy mond geword en stilswyend aan haar sy tussen die ou gegewelde huise na die plein gehaas.

“Ek dag ek kom huis toe om met Anna te trou.”

Hy het na die rand van die plein gegaan en toe langsaam verder in die diep skoon sneeu tot waar die wagte gestaan en kyk het. Hulle het hul gewere dreigend gelig. Evert het nog nader gegaan in die diep wit sneeu.

Hy het sy kitaar omgeswaai en dadelik ’n wysie wat hy vroeër veel gespeel het omdat dit Anna se lieflingslied was, uit die snare begin slaan.

Die wag het weer gedreig, maar sy maat het gelag en gemeen: “Laat ons sien of sy nog sy meisie is.”

Die volgende aand het Evert weer in die sneeu voor die doringdraad en die geweer-monde gaan staan. Die wagte het hom met hoonroepe begroet, maar hy het soos vantevore begin speel terwyl hy somber bly staar na die huise aan die ander kant van die wit skemerende sneeu. Hy het alleen ’n kort tydjie gespeel voor vreugde in sy oë gelaai het. Hy kon haar rooi rok sien swaai en haar vlegsels sien glinster weerskante van haar gesig terwyl sy tot dig by die drade kom. Sy hande het die akkoorde vanself gevind en sonder dink het hy die wysie se woorde begin sing. En saggies, terwyl sy met geboë hoof aan die ander kant in die diep, wit sneeu staan, het sy saam met hom gesing.

Die wagte het gestaan soos verkoolde boomstamme in ’n oop plek waar voëls nog sing.

**(a)** Waar was Evert die afgelope vyf jaar? [2]

**(b)** Hoekom het sy ma gehuil toe sy by die stasie kom? [2]

**(c)** Wat het alles met sy tuisdorp gebeur terwyl hy weg was? [3]

**(d)** Wat het van Anna geword? [2]

**(e)** Wat was sy ma se grootste begeerte? [2]

**(f)** Waarheen was Evert oppad met sy kitaar? [2]

**(g)** Hoekom het die soldate hul gewere op hom gerig? [2]

**(h)** Hoe het Anna reageer op sy lied? [3]

**(i)** Benoem die beeldspraak in die laaste reël. [2]

**[20]**